

Met die aansteek van die liggies op 11 Desember was ons gemeente daar met poeding



'N BEDRYWIGE TYD LÊ VOOR

Geen lidmaat het die verskoning om verveeld te wees in Februarie nie!

Vrydag 8 Februarie het Ba1 'n woekerpoging waar ons kan gaan proe hoe eet hulle oor die waters.

Vrydag en Saterdag 15 en 16 Februarie is daar 'n werkswinkel in die kerksaal vir Kerkraadslede, wyksouderlinge en dienswerkers.

Maandag 18 Februarie hou die Kerkraad hul begrotings-vergadering.

Vrydag 22 Februarie is daar 'n Lofprysingsaand in die kerksaal.

Sondag 24 Februarie is daar 'n Bring&Braai by die kerksaal.

Donderdag 28 Februarie het die kerkraad hul kwartaallikse skakeling met die kerkraad van die VGK.

Vrydagaand 8 Maart is Sa-blok se gewilde potjiekos-aand.



GEMEENTENUUS

NG KERK KLEINMOND

Februarie 2019

BRANDE: 1-11 JANUARIE

Ons staan nog steeds verstom. Die verwoesting wat die vuur sedert oujaarsjaand deur, en oor ons gemeenskap gebring het, is eenvoudig net te groot en te veel om in woorde te kan sit. Op oujaarsaand, net na die middernagdiens in die sentrum, is ons onmiddelik gekonfronteer met die feit dat die berg begin brand het aan die bo-kant van die Mooi-uitsig woonbuurt....

Ons was dankbaar dat die suid-oostewind die vlamme in 'n groot mate eintlik weg van ons af gewaai het, en dus was dit redelik veilig om die vlamme van ons kant af te beveg. Natuurlik het die ergste toe vir Pringlebaai en Rooi-Els gewag...om nie eers te praat van Bettysbaai nie. Lewensverlies en huise wat afbrand is mos nie deel van ons alledaagse uitdagings nie. Hierdie tipe goed is mos nie iets wat gereeld oor ons pad kom nie.

Die suidooster het baie vining verander in 'n monster-noordwestewind. Waar dan heen? Hoe moet ons nou maak?

Sommige mense het alles verloor, en die verslaendheid op die mense se gesigte wanneer hulle nou deur ons dorpie ry, spreek boekdele. Voertuie stop langs die huise wat totaal afgeband het, en die probeer in die nag te plunder by huise wat verwoes is. Maar die nuuskieriges sien nie die ander dinge raak nie. Hulle sien nie raak dat die skade van die vuur eintlik baie groter is as op die oog af, en die seer eintlik baie dieper is as wat sommer so gekyk word nie....

Na dit alles heen, is ons getuienis van God se sorg en liefde baie kragtig. Hy het gehelp...Hy het reën gestuur...Hy het self vertroetel... Hy het self beskerm en bewaar...Dié stories lê die hele Bettysbaai vol. Mag almal tog na hierdie stories luister!

Ja ons staan nog steeds verstom: Ons God is groter as hierdie vuur!

Steven Sass

11 Januarie 2019

Die verskrikking van die brande in ons omgewing sal baie lank nog vars in ons geheue wees. So verwoord 'n lidmaat daardie ervaring.

Bettysbaai is vanaand (11/12 Januarie 2019) in onheilspellende donkerte gehul sonder elektrisiteit; en daar is soveel stukkende harte oor droomhuise wat gereduseer is tot swart, smeulende skelette.

Op dag 11 ná die ontstaan van die Nuwejaarsbrand het 'n briesende, stormsterk noordwestewind die ondergronds-smeulende kooltjies teen hange en op bergtoppe opgeklits net om opnuut weer soos brandpyle ooswaarts te skiet: eers in die Harold Porter Nasionale Botaniese Tuin in en van daar, met die onstuitbare momentum van 'n daverende stormwind, tot bo-op en binne-in 'n verstommende aantal huise wat genadeloos verswelg is.

Binne iets meer as 'n uur was daar 'n rou spoor van verstikkende, rokende, vlamme vernietiging wat van die ruwe, onbereikbare hoogtes soos 'n tierende waansinnige voortgewoed en eers fut verloor het toe dit die see bereik. Ongeëwenaar. Swartgebrande rotse waarop branders breek, is stille getuies.

Dan – genade! Aangedryf deur die fors en stukrag van dieselfde stormwind bars 'n siedende stortreën los op die wieke van tallose pleidooie en gebede. Te laat vir vele... dié keer. Nou is daar stilte.

Die reuk van brandrook is op my vel en in my hare.

O, lieflike Bettysbaai...

Lisel Krige

DIE KERKLIKE JAAR

Die periode tussen Epifanie en Lydenstyd (waarin ons ons nou bevind) word in verband gebring met Jesus se aardse bediening *voor Sy reis na Jerusalem*. (7 Januarie tot 6 Maart) Die *eerste Sondag na Epifanie* word Jesus se doop herdenk; dit was die begin van Sy openbare bediening. Die **Sondae daarna kyk na wat Jesus hier op aarde geleer en gedoen het**. Die laaste Sondag voor Lydenstyd word Jesus se verheerliking op die berg herdenk en staan bekend as die Sondag van die Verheerliking. Lydenstyd begin hierdie jaar op Aswoensdag op 5 Maart.

Die **kleur** vir hierdie tyd is **groen**, die kleur van **groei**. Dit is simbolies van die groei van die kerk in die wêreld.

OM OOR NA TE DINK...

Tagor skryf

Die dood is nie die uitdoof van 'n lig nie; dit is die doodblaas van die lamp omdat die dagbreek gekom het.

...EN TE GLIMLAG...

Iemand skryf oor die dinge wat sy ma hom geleer het:

My ma het my geleer van AFWAGTING

“Wag net tot jou pa by die huis kom!”

My ma het my geleer van LOGIKA

“As jy van die swaai afval en jou nek breek, kan jy maar vergeet om saam met my winkels toe te gaan.”

My ma het my geleer van HUMOR

“As die grassnyer jou toon afsny, moenie na my toe hardloop nie.”

My ma het my geleer van VOLWASSENHEID

“As jy nie jou groente eet nie, gaan jy nooit grootword nie.”

My ma het my geleer van SEKS

“Waar dink jy kom jy vandaan?”